higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSORIËNTERING
(Eerste vraestel)
NKR VLAK 4

28 Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

RIGLYNE VIR MERKERS

1. Merkers word daaraan herinner dat sommige aspekte van Lewensoriëntering hulle tot ’n wye interpretasie verleen, en 'n wye verskeidenheid antwoorde dus moontlik is. Die nasienriglyn word nie as preskriptief bedoel nie. Antwoorde wat verkeerd is, moet egter nooit as korrek gemerk word nie.

2. Merkers moet hulle eie oordeel gebruik wanneer hulle nasien. Studente se antwoorde moet binne die konteks van hulle lewenservarings geassesseer word.

3. Inhoud moet gemerk word en nie grammatika nie.

4. Vir sommige vrae word verskeie voorbeeldantwoorde gegee. Hulle dien as riglyn vir die soort antwoord wat vereis word. Merkers moet noukeurig deur al die verskillende antwoorde werk om 'n gevoel van die soort aanvaarbare antwoorde te kry.

5. Vir sommige antwoorde word merkers deur die stelling 'Slegs hierdie antwoord' gelei. Dit beteken dat geen ander antwoorde aanvaarbaar is nie.

6. Merkers moet die puntetoewysing per vraag noukeurig nagaan en streng volgens hierdie puntetoewysing nasien.

   LET WEL:

   (2 × 1) beteken daar moet TWEE antwoorde wees, en een punt word per antwoord toegewys. (1 × 2) beteken TWEE punte word vir EEN antwoord toegewys.

7. Waar studente versoek word om 'n paragraaf te skryf of iets te evalueer, beskryf, bespreek of verduidelik, kan antwoorde van een woord nie aanvaar word nie, en sodanige antwoorde moenie nagesien word nie.

8. By voorbaat dankie dat u noukeurig, streng en regverdig nasien. Die handhawing van 'n hoë standaard help om die status van hierdie belangrike vak te bevorder.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 E
1.3 I
1.4 A
1.5 D
1.6 B
1.7 K
1.8 G
1.9 F
1.10 H

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 B
2.2 B
2.3 D
2.4 C
2.5 C
2.6 C
2.7 C
2.8 B
2.9 B
2.10 A

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Onwaar✓ – Kry verwysings by professionele mense wat die beste insig in jou werk sal bied, d.w.s. toesighouers, bestuurders, dosente en skoolhoofde.✓

3.2 Waar✓ – Die reg om te vergader, te betoog, 'n betooglinie te vorm en petisies voor te lê, stel werknemers in staat om te kies of hulle wil staak of nie./Almal het die reg om vreedsaam en ongewapen te vergader, te betoog, 'n betooglinie te vorm en petisies voor te lê.✓

3.3 Onwaar✓ – Lewenslange leer help jou om oor nuwe ontwikkelinge ingelig te bly./Dit help jou om voor te berei op werksveranderinge en bevorderings. / Lewenslange leer help
jou om te groei, te ontwikkel en jouself te verbeter.✓

3.4 Onwaar✓ – Eksterne geskilbeslegting los geskille op tussen partye wat nie deur interne geskilbeslegting 'n ooreenkoms kon bereik nie.✓

3.5 Waar✓ – Dit help mense om leiers aanspreeklik te hou.✓

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 4

4.1 dronk bestuurders/nalatigheid/mense wat te vinnig ry/mense wat op 'n selfoon praat
4.2 selfbestuur
4.3 geldelike/finansiële
4.4 lewenslange
4.5 geregistreerde

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Vrye en regverdige verkiesings is nie partydig teenoor een politieke kant nie.
- Almal het die reg om te kies vir wie om te stem.
- Partye forseer mense nie om vir hulle te stem nie.
- Politieke partye het 'n gelyke reg om aan verkiesings deel te neem, om stemmers met veldtogte te werf en om vergaderings en sametrekkings te hou. (Enige 2 × 1) (2)

5.1.2
- Geweld wat kiesers daarvan afskrik om te stem
- Die omkopery van kiesers
- Onvoldoende opvoeding van kiesers
- Ontoeganklikheid van stemlokale
- Ongeletterdheid
- Knoeiery in verkiesings (Enige 3 × 1) (3)

5.1.3
- Verskaf kieseropleiding.
- Arbitreer/beslis/los geskille op wat kan opduik.
- Bevorder kennis van gesonde demokratiese prosesse.
- Bevorder toestande wat verkiesings aanmoedig. (Enige 2 × 1) (2)

5.2
- Kry die jeug betrokke om in politiek belang te stel en daaraan deel te neem.
- Gebruik sosiale media om kieseropleiding te bevorder.
- Bevorder politieke kennis.
- Organiseer gesprekke en debatte oor politieke kwessies en beleide.
- Gaan van deur tot deur om oor verkiesings te praat. (Enige 3 × 1) (3)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 45

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 6.1.1
- Hulle het genoeg daarvan gehad om geteister te word.
- Hulle is moeg daarvoor om doodgemaak/vermoor te word.
- Hulle is siek en sat daarvoor om gestigmatiseer te word.
- Hulle is ontsteld omdat daar teen hulle gediskrimineer word.
- Hulle is siek en sat daarvoor om geboelie en/of geslaan te word.
- Hulle wil nie meer slagoffers van homofobie wees nie.
- Hulle kan dit nie meer hanteer om uitgeskel en beledig te word nie. (Enige 3 × 1) (3)

6.1.2
- Slagoffers van homofobie ly aan trauma, en hulle herleef dikwels die trauma en leef in vrees van verdere trauma.
- Slagoffers van homofobie word deur vorige aanvalle gekwel.
- Hulle onthou voorvalle van stigma en diskriminasie.
- Hulle herleef die geboelie en geslaan.
- Hulle onthou hoe hulle gevoel het toe lede van die gemeenskap hulle verwerp het.
- Post-traumatiese stresversteuring (PTSV) word deur ervarings van traumatiese gebeurtenisse veroorsaak; homofobie is traumaties. (Enige 1 × 2) (2)

6.1.3
- Homofobie affekteer MIV-dienslewering negatief, want die voorsiening van MIV-behandeling aan LGBTI-mense kan moontlik onvoldoende wees.
- Stigma en homofobie lei tot die isolasie van LGBTI-mense wat moontlik nie die nodige behandeling kry nie.
- Homofobie veroorsaak dat LGBTI-mense gesondheidsdienste weens vrees vermy. (Enige 2 × 1) (2)

6.1.4
- Die misbruik van onwettige dwelms kan verslawing veroorsaak.
- Middelgebruik hanteer nie die oorsaak van stres nie/neem nie die probleem weg nie.
- Dwelmgebruik lei tot swak gesondheid en veroorsaak skade aan belangrike organe in die liggaam.
- Dwelmgebruik kan sosiale isolasie en verwerping deur familie en vriende veroorsaak, wat tot stres bydra.
- Dwelmgebruik is duur en veroorsaak meer stres weens kommer oor geld vir dwelms.
- Dwelmgebruik neem nie die stres weg nie. (Enige 3 × 1) (3)

6.2 6.2.1
- Die kollege is veronderstel om 'n veilige plek te wees waar studente genderidentiteit en seksuele oriëntasie sonder vrees of diskriminasie kan verken.
- Die rol van 'n kollege is om al sy studente te ondersteun, ongeag hulle seksuele oriëntasie.
- Baie studente is weg van die veiligheid van hulle huis en gemeenskap, en die kollege moet as veilige plek instaan.

(Enige 1 × 2) (2)

6.2.2
- Ondersoek en rapporteer alle gevalle van diskriminasie en geweld aan die polisie.
- Implementeer beleide wat alle studente veilig en welkom laat voel.
- Sluit 'n gedragskode in om diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie en geslag te verbied.
- Gee LGBTI-studente 'n stem op kampus sodat hulle gehoor en verstaan kan word.
- Leer studente waarom homofobie verkeerd is en nooit moet gebeur nie.
- Sluit LGBTI-verwante kwessies by die kurrikulum in.

(Enige 3 × 1) (3)

6.3 6.3.1
- Besinning kan hom help om uit slegte ervarings te leer en die gebeurtenis in perspektief te plaas.
- Besinning is 'n manier vir hom om sy gevoelens uit te druk.
- Besinning kan hom help om by lewensgebeurtenisse aan te pas.
- Besinning kan hom help om kalm te voel.
- Besinning kan hom help om op die nodige maniere op te tree.
- Besinning kan hom help om meer kennis op te doen oor hoe om probleme te hanteer. (Enige 3 × 1) (3)

6.3.2
- Leer mense van MIV.
- Hou werkswinkels oor stigma en verduidelik waarom dit verkeerd is.
- Rapporteer alle stigma en diskriminasie aan die owerheid.
- Tree op teen diegene wat diskrimineer en stigmatiseer.
- Moedig mense aan om oop te wees oor MIV, en verbreek die stilte/praat daaroor.
- Skep veilige plekke waar mense vryelik hulle MIV-status bekend kan maak.
- Voer mediaveldtogte om stigma en diskriminasie rondom MIV teen te staan.
- Leer mense empatie as deel van die kurrikulum. (Enige 3 × 1) (3)

6.3.3
- Raak betrokke (wees beskikbaar).
- Laat hom weet jy gaan hom nie verlaat nie.
- Luister sonder om te veroordeel.
- Wys belangstelling en ondersteuning.
- Bied hoop dat alternatiewe beskikbaar is.
- Gee vir hom hulpbronne oor selfmoordvoorkoming.

(Enige 3 × 1) (3)

6.4 6.4.1
- Ons is almal deel van die reënboognasie.
- Verskeidenheid is eenheid.
- Ons asem almal dieselfde suurstof in.
- Respekteer diversiteit; baie oriëntasies, een werksmag.

(Enige 2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

6.4.2
- Aanvaar LGBTI-werkers en behandel hulle met dieselfde respek as almal anders.
- Staan stigma en diskriminasie teen; rapporteer dit en stop dit!
- Sorg dat werkers gelyk behandel word.
- Respekteer medewerkers se seksuele oriëntasies en moet hulle nie anders behandel nie.
- Sorg dat 'n gedragskode by die werk respek vir LGBTI-medewerkers insluit. (Enige 2 × 1) (2)

6.4.3
- Gelykheid
- Vrye meningsuiting
- Menswaardigheid
- Lewe
- LGBTI-mense word beskerm deur die insluiting van seksuele oriëntasie as deel van die lys gronde waarop onregverdige diskriminasie nie mag plaasvind nie. (Enige 2 × 1) (2)

[30]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Die doel van 'n onderhoud is om die geskikste applikant te kies.
'n Onderhoudvoerder poog om 'n applikant vrae te vra om sy/haar geskiktheid vir 'n pos te bepaal. (1 × 2) (2)

7.1.2
- Voer 'n onderhoud
- Vra vrae
- Neem 'n besluit op grond van antwoorde op vrae
- Sorg dat die beste kandidaat gekies word (Enige 2 × 1) (2)

7.2 7.2.1
- Die kandidaat het die verkeerde antwoord gegee omdat hy nie na die vraag geluister het nie.
- Die kandidaat het die vraag swak beantwoord; hy het nie geantwoord wat gevra is nie.
- Die kandidaat het nie die vraag verstaan/gehoor nie. Hy moes die onderhoudvoerder gevra het om die vraag te herhaal.
- Die kandidaat het nie die vraag korrek beantwoord nie.
- Die kandidaat het sy swakpunte/swak luistervaardighede in sy antwoord blootgelê.
- Die vraag het aan die kandidaat 'n uitdaging gebied, want hy het nie geweet hoe om dit korrek te beantwoord nie. (Enige 2 × 2) (4)

7.2.2
- Ek het vir vyf jaar gewerk. Ek het in hierdie tyd baie werksondervinding opgedoen.
- Ek het vir drie jaar gewerk. Ek het die uitdaging geniet en baie geleer.
- Ek is nog nie vantevore in diens geneem nie. Ek het egter oor die afgelope drie jaar werkskadu, vrywilligerwerk en indiensopleiding gedoen, so ek het 'n bietjie ondervinding.
- Ek het nog nie enige werksondervinding nie, want ek is nog nie vantevore in diens geneem nie. Ek het egter oor die afgelope drie jaar baie vrywilligerwerk as deel van my Lewensoriëntering-projekte gedoen. (Enige 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

7.2.3
- Ek werk goed onder druk, want ek kan kalm bly. Byvoorbeeld, ek doen diepasemhalingsoefeninge wanneer daar baie druk by die werk is; dit kalmeer my sodat ek dit kan hanteer.
- Ek geniet druk by die werk; ek gebruik dit as 'n manier om myself te motiveer om harder en doeltreffender te werk. Byvoorbeeld, toe ons by my vorige werk belangrike sperdatums gehad het om na te kom, het ek oortyd gewerk om seker te maak die druk is verlig. (2 × 2) (4)

7.2.4
- Kyk na die spreker.
- Gee aandag.
- Wees ontvanklik.
- Moenie onderbreek nie.
- Wag vir die spreker om op te hou praat voordat jy vrae vra.
- Vra vrae om seker te maak jy verstaan. (Enige 3 × 1) (3)

7.2.5
- Om onvoorbereid te wees om vrae te beantwoord
- Om laat vir die onderhoud op te daag
- Om onvanpas aan te trek
- Om met die onderhoudvoerder ongeskik te wees
- Om te lieg wanneer jy vrae beantwoord
- Swak liggaamstaal
- Gebrek aan selfvertroue
- Onvriendelik (Enige 3 × 1) (3)

7.3
- Ek het nog geen werksondervinding nie, maar deur harde werk sal ek ondervinding opdoen as u my die kans gee.
- Ek het nog geen werksondervinding nie, want ek is nog nie vantevore in diens geneem nie, maar ek het oor die afgelope drie jaar baie vrywilligerwerk as deel van my Lewensoriënteringprojekte gedoen.
- Ek het nog nie vantevore gewerk nie. Ek glo ek kan ondervinding opdoen as ek die geleentheid gegun word om hierdie pos te kry; ek sal ekstra hard werk om vir my gebrek aan ondervinding te vergoed.
- Dit sal my eerste werk wees. My vasberadenheid, vaardighede en toewyding sal vir my gebrek aan ondervinding vergoed.
- Ek het nie werksondervinding nie. Ons moet almal egter iewers begin. Ek is vasberade om 'n goeie begin te maak; gee my asseblief die geleentheid om myself te bewys. (Enige 1 × 2) (2)

7.4
- Skype- of video-onderhoud
- Telefoon-/telefoniese onderhoud (2)

Kopiereg voorbehou

7.5 **Skype- of video-onderhoud**

- Sorg dat jou skootrekenaar behoorlik werk en dat jy 'n sterk genoeg internetkoppeling het/Toets jou toerusting voor die onderhoud en maak seker jou webkamera is goed geposisioneer en jou luidspreker is aangeskakel.
- Sorg dat jy in 'n stil, private area is sodat slegs jy gesien en gehoor kan word. Moenie enige onderbrekings of steurnisse toelaat nie; sê vooraf vir ander mense dat jy privaatheid nodig het.
- Trek netjies aan soos vir 'n onderhoud van aangesig tot aangesig. Alhoewel slegs jou gesig en bolyf die meeste van die tyd sigbaar sal wees, kan die onderhoudvoerder jou vra om op te staan en 'n vollengtebeeld te wys.
- Berei voor om tipiese onderhoudvrae te beantwoord en navorsing oor die visie en missie van die maatskappy te doen, net soos wat jy vir 'n onderhoud van aangesig tot aangesig sou doen. (1 × 2)

Telefoononderhoud

- Maak seker jou foon werk en dat jy genoeg lugtyd het as jy 'n selfoon gebruik. Toets die lyn voor die tyd.
- Deaktiveer ander oproepe sodat jy nie tydens die onderhoud onderbreek word nie. Lig almal om jou vroegtydig genoeg in om jou nie tydens die oproep te steur nie.
- Gebruik 'n stil plek waar slegs jou stem gehoor kan word en jy die onderhoudvoerder duidelik kan hoor. Moenie harde musiek speel of toelaat dat ander mense se stemme gehoor kan word nie.
- Berei voor om tipiese onderhoudvrae te beantwoord en navorsing oor die visie en missie van die maatskappy te doen, net soos wat jy vir 'n onderhoud van aangesig tot aangesig sou doen. (Enige 1 × 2) (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C

VRAAG 8

8.1 8.1.1

- Depressie is 'n algemene en ernstige mediese siekte wat 'n negatiewe effek het op hoe jy voel, hoe jy dink en hoe jy optree.
- Depressie veroorsaak gevoelens van wanhoop, buierigheid, pessimisme en hopeloosheid, asook 'n verlies aan belangstelling in aktiwiteite wat jy voorheen geniet het.
- Depressie is 'n ernstige geestesgesondheidstoestand wat 'n impak op beide fisieke en geestesgesondheid het.
- Geestesiekte wat die liggaam, buie en gedagtes insluit en die manier affekteer waarop ons eet, slaap, voel en dink.

(Enige 1 × 2) (2)

8.1.2
- Werksoorlading
- Geboelie
- Ongeskik vir die betrokke pos
- Maatskappy en persoonlike rol stem nie ooreen nie
- Interpersoonlike konflik
- Skuldgevoelens van werkende ouer
- Wanbalans tussen werk en lewe
- Finansiële gesukkel
- Voel vasgevang by die werk
- Herstrukturering (Enige 3 × 1) (3)

8.2 8.2.1
- Voel nie daartoe in staat om die werk te hanteer nie.
- Werknemers vind dit moeilik om te konsentreer, dinge te onthou en besluite te neem.
- Oordeelsvermoë word belemmer.
- Hulle ondervind gewoonlik moegheid of 'n verlies aan energie.
- Daar is 'n afname in produktiwiteit/hulle is minder produktief.
- Werknemers kan moontlik vatbaar wees vir veiligheidsrisiko's.

(Enige 3 × 1) (3)

8.2.2
- Uitstellery en sperdatums wat nie nagekom word nie
- Prikkelbaarheid wat dit moeilik maak om verantwoordelikhede te hanteer
- Sukkel om te konsentreer en besluite te maak
- Vermyding van medewerkers, wat spanwerk benadeel
- Verswakte gesondheid wat dit moeilik maak om met die eise van die werk by te hou (Enige 3 × 1) (3)

8.2.3
- Toon respek en besorgdheid vir die werknemer.
- Maak seker jy verstaan die betekenis van depressie.
- Beveel aan dat hy/sy 'n professionele persoon spreek.
- Breek take in kleiner dele op sodat die werknemer nie oorweldig voel nie.
- Erken dat die werknemer voor moeilikhede te staan kom, en wees geduldig.
- Wys empatie en dat jy omgee.
- Prys die werknemer wanneer hy/sy 'n taak voltooi of goed doen.
- Wees 'n goeie luisteraar.
- Nooi terapeute om werkswinkels oor geestesgesondheid aan te bied. (Enige 4 × 1) (4)

Merkers, let wel: vir meer inligting, raadpleeg:
https://www.psychologytoday.com/intl/blog/the-human-equation/201006/how-talk-depressed-employee

8.3
- Alkohol affekteer hoe vinnig jy op moeilike situasies op die pad reageer.
- Dit maak jou reaksietyd stadiger, wat ongelukke waarskynliker maak.
- Swaar drinkery affekteer motoriese vaardighede, d.w.s. hand- en voetkoördinasie.
- Alkohol verminder konsentrasie, wat weer die kanse op ongelukke vergroot.
- Alkohol veroorsaak belemmerde uitsig en die onvermoë om afstand te oordeel.
- Dit belemmer jou oordeel as bestuurder. (Enige 4 × 1) (4)

8.4 8.4.1
- 'n Ondersteuningstruktuur kan jou help om depressie te hanteer, want jy sal weet jy is nie alleen nie en dat daar mense is wat verstaan en kan help.
- Vriende kan skadelike isolasie verhoed. Om vriende te hê, is een van die beste maniere om depressie te hanteer.
- Om te weet dat familielede omgee en verstaan, kan jou help gesond word. As jy op jou familie kan staatmaak wanneer jy hulle nodig het, sal dit makliker wees om depressie te hanteer.
- Gesondheidswerkers kan vir jou mediese en emosionele ondersteuning gee, en sal verstaan hoe jy voel en weet wat jy nodig het. (Enige 1 × 2) (2)

8.4.2
- Berading kan meer opvoeding/insig oor die oorsake van depressie bied en jou help om kwessies wat depressie veroorsaak, op te los.
- Jy leer praktiese maniere om depressie van dag tot dag te hanteer.
- Dit help jou om met 'n berader te praat wat opgelei is om te luister, en kan jou help om jou gevoelens te verstaan.
- Dit kan help om jou positiewe, gesonde metodes te leer om skadelike gedagtes en lewensgebeurtenisse te hanteer.

(Enige 1 × 2) (2)

8.4.3
- Fisieke oefening, bv. stap, draf of om gim toe te gaan, kan jou bui verbeter, want dit stel endorfiene vry wat jou laat goed voel. Gereelde oefening gee jou 'n gevoel van welstand. Jy voel meer energiek, slaap beter, het 'n skerper geheue en voel meer ontspanne. Oefening is 'n kragtige vegter teen depressie.
- As jy alkohol drink, stop; alkohol is 'n depressant. Dit kan jou balans versteur, jou gedagtes, gevoelens en optrede affekteer, en tot depressie bydra.
- Eet gesonde, gebalanseerde maaltye sodat jy genoeg van die voedingstowwe kry wat jy nodig het om depressie te help verlig. Eet voedingstofryke maaltye wat baie vesel en vars groente en vrugte bevat, en eet terselfdertyd minder kitskos en geraffineerde suikers. Dit alles help om die simptome van depressie beter te maak. (Enige 1 × 2) (2)

[25]

VRAAG 9

9.1 9.1.1

- Sy moet op 'n kontrak aandring sodat sy weet wat die vereistes van haar pos is.
- Sy moet haar werkgewer vertel van die belangrikheid daarvan om 'n Dienskontrak te hê, want dit is 'n regsdokument wat hulle al twee beskerm. (2)

9.1.2

- 'n Dienskontrak sorg dat beide die werkgewer en die werknemer se regte gedek word. Die dienskontrak is 'n noodsaaklike dokument, want dit reguleer die bepalings en voorwaardes van indiensneming tussen die werkgewer en die werknemer.
- Die doel van 'n dienskontrak is om te sorg dat beide jy en jou werkgewer duidelik verstaan wat word tydens die dienstydperk verwag. Hierdie dokument kan ook dien as manier om enige geskille wat later kan opduik, uit die weg te ruim. Dit help jou ook verstaan wat jou regte ingevolge die wet is.
- 'n Kontrak is bindend volgens die wet; sou daar 'n geskil wees, kan al twee partye die Arbeidshof nader. Dit beskerm al twee partye. 'n Dienskontrak is 'n bindende ooreenkoms tussen die werkgewer en werknemer wat die pligte van al twee partye in geskrewe woorde uiteensit. Sommige kontrakte dui ook die tydsduur van die werk aan.
- Vir die werknemer gee die kontrak die sekuriteit dat hy/sy vir 'n professionele onderneming werk wat sy verpligtinge en ooreenkomste in al die bepalings van indiensneming duidelik gedefinieer het. Vir die werkgewer gee dit die sekuriteit dat die werknemer ten volle van sy/haar verpligtinge bewus is en ingestem het om die bepalings na te kom.
- Dienskontrakte is belangrik vir beide die werknemer en die werkgewer. Dit verbind al twee partye daartoe om hulle pligte en verantwoordelikhede na te kom. Byvoorbeeld, die basiese plig van die werknemer is om vir die werkgewer te werk. Die werkgewer moet die werknemer binne 'n bepaalde tydraamwerk betaal.

- 'n Dienskontrak beskerm beide die werkgewer en die werknemer. Sonder 'n geskrewe dienskontrak is daar dikwels 'n gebrek aan duidelikheid met betrekking tot verskeie belangrike bepalings en voorwaardes wat deel van die werknemer se indiensneming is. Hierdie onsekerheid kan tot konflik en spanning tussen die werknemer en die werkgewer lei. Dit kan weer tot 'n ineenstorting van die werksverhouding lei.

(Enige 2 × 2) (4)

9.2 Toestand van meningsverskil oor 'n bepaalde kwessie of groep kwessies waarin daar konflik tussen werknemers en werkgewers is. (1 × 2) (2)

9.3
- Deur arbeidsgeskille tussen werknemers en werkgewers op te los
- Deur werkers by te staan as hulle onregverdig afgedank is
- Deur kwessies soos diskriminasie en seksuele teistering op te los

(Enige 2 × 1) (2)

9.4
- As werknemers die afdanking as onregverdig beskou, sal hulle geskille aanhangig maak.
- Enige vorm van diskriminasie kan arbeidsgeskille tot gevolg hê.
- Swak werkstoestande is 'n resep vir uitgerekte arbeidsgeskille.
- Enige vorm van seksuele teistering sal waarskynlik tot 'n geskil lei.
- Alle veranderinge in die werkplek wat werknemers bedreig, sal tot geskille lei.
- Uitdiensstelling is kontensieus en kan geskille tot gevolg hê. (Enige 3 × 1) (3)

9.5
- Swak ekonomie lei tot agteruitgang en werksverlies.
- Tegnologiese ontwikkeling maak sommige poste verouderd.
- Veranderinge in die werkplek, d.w.s. samesmeltings, verkrygings.
- Politieke onstabiliteit lei tot beleggingsonttrekking en daaropvolgende werksverlies.
- Handelsoorloë maak 'n impak op maatskappye se wins, en verhoog die risiko vir uitdiensstelling. (Enige 2 × 1) (2)

9.6
- Organiseer werkswinkels waar hulle leer hoe om hulle uitdiensstellings-pakette te bestuur.
- Gebruik jou netwerk as bestuurder om hulle ander werk te help kry.
- Gee vir hulle goeie verwysingsbriewe en tree as verwysings op.
- Stuur hulle vir werkswinkels waar hulle vaardighede leer sodat hulle vaardighede vir alternatiewe poste kan opdoen.
- Organiseer streshanteringswerkswinkels by die werk. (3 × 1) (3)

9.7
- Die KVBA reik 'n sertifikaat uit dat die geskil onopgelos bly.
- 30 dae het verbygegaan sedert die saak na die KVBA verwys is.
- Die werkgewer is 48 uur kennis gegee.
- Die werkgewer het werknemers kennis van uitsluiting gegee. (Enige 2 × 1) (2)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 45
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou